# Nuusbrief / News Letter
## Desember/December 2021



Dagsê!
En so is ons op die laaste been van 2021. Dis tyd vir families om saam te kom en te geniet. En toe ons almal dink die 'kiem' het gewyk, toe steek hy weer kop uit. Wees maar asseblief versigtig!

Straatbraai:
Ons beplan 'n straatbraai vir almal in Blue Ridge op 22 Desember om 16h00. Dit sal gehou word by die bestuursgebou by die hek (buite op die plaveisel, op die stoepe, binne, ens) Bring asb jou eie braaigeriewe saam (of reël met iemand saam met wie jy kan braai), eie vleis, drankies en kos. Almal is welkom! Dit was verlede jaar baie jolig gewees, en so leer 'n mens ook almal ken.

Bokke en diertjies:
Ons wil asb almal daarop attent maak dat die bokke nou baie rondloop in Blue Ridge. ASSEBLIEF, vertel vir die kinders en kuiergaste dat, as daar bokke naby mens is, jy moet omdraai en wegbeweeg van hulle af. As jy 'n skilpad in die straat sien, wag tot hy self oorstap. Moet hom asb. nie optel nie!



Good day!
We're on the last leg of 2021 and it's time for families to get together. Just as we thought that 'the germ' is gone, it came back in full force. Please be careful!

Street 'braai':
We are planning a street braai for everyone in Blue Ridge, on 22 December at 16h00. It will be held at the office premises at the gate (outside on the paving, on the stoeps, inside the office etc) Please bring your own braai (or you can organize with someone else to braai with them), meat, drinks and what else you want to eat. Last year we had a ball and it is a wonderful time to get to know everybody.



Buck and wild life:
We want to draw everybody's attention to the fact that the buck are roaming around Blue Ridge more than before. PLEASE tell the children and guests that if they see buck, they must turn around and walk the opposite way. If you see a tortoise in the street, please let it pass and DON'T pick it up.

Waarsku asb almal, veral die kinders, dat daar slange in bosse en tussen die klippe is. Hulle moet regtig versigtig wees, want die pofadders is orals.

Ons wil ook graag vir almal vra om te wag vir die hek om toe te maak voor jy verder ry. Dit verhoed dat ongewenste vreemdelinge inglip.

Ons wil ook net weer sê dat almal asseblief by die spoed van 20 k/u hou. Baie dankie.

Laastens wil ek namens almal baie dankie sê aan die komitee wat so hard werk om Blue Ridge ‘n prag kompleks te hou. Dis voorwaar ‘n voorreg om hier te woon.

‘n Baie Geseënde Kersfees aan almal en ons hoop dat 2022 ‘n wonderlike jaar gaan wees.



Please warn everyone, especially children, about snakes in the bushes and next to the big stones. They must really be cautious, as there are a lot of Puff-adder roaming around.

Another request: please wait until the gate closes before you drive on. This will help that no strangers enter.

Also please adhere to the speed limit of 20 k/h. Thank you.

Lastly I want to thank the committee for their hard work to keep Blue Ridge a wonderful estate. We are really privileged to live here.

A Very Happy Christmas to all. Let’s hope 2022 will be a great year.

